SA HOLSTEIN

GEWYSIGDE KONSTITUSIE

14 SEPTEMBER 1999

INDEKS

WOORDOMSKRYWINGS, AFKORTINGS EN UITLEG

KLOUSULES

1. NAAM VAN DIE DIERETELERSGENOOTSKAP
2. MISSIE
3. BEVOEGDHEDE EN MAGTE
4. LIDMAATSKAP
5. REGISTER VAN LEDE
6. AANWENDING VAN PRESTASIEDATA
7. LEDEGELDE EN GELDE
8. BEDANKINGS, VERBEURINGS EN SKORSING VAN LIDMAATSKAP
9. VERKIESING VAN DIE RAAD EN DIE UITVOERENDE KOMITEE
10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD
11. VERGADERINGS
12. NOTULES VAN VERGADERINGS
13. FINANSIËLE BEPALINGE
14. STANDAARDE VAN VOORTREFLIKHEID
15. AFFILIASIE
16. GRONDWETLIKE WYSIGINGS
17. KANTOOR VAN SA HOLSTEIN
18. VERKOOP EN AANKOOP DIENS
19. BELETSELKLOUSULE
20. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE HOOFBESTUURDER
21. JURISDIKSIE
22. HERROEPING EN OUTENTIEKE LESING VAN GRONDWET

VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK
2. VOORVOEGSEL
3. NAME
4. KUNSMATIGE INSEMINERING
5. DIE OPVANG EN OORPLASING VAN EMBRIOS
6. DEKKINGSERTIFIKAAT
7. DRAGTIGHEIDSPERIODE
8. KENNISGEWING VAN GEBOORTES
9. REGISTRASIE VAN ROOI-EN-WIT HOLSTEINS
10. REGISTRASIE VAN DIERE VAN OUERS WAT VREK VOOR KENNISGEWING VAN GEBOORTE
11. GESKIKTHEID VAN REGISTRASIES EN KLASSIFIKASIE
12. AMPTELIKE MELKAANTEKENING
13. REGISTRASIESERTIFIKATE
14. SERTIFIKAAT VAN UITGEBREIDE STAMBOOM
15. OUERSKAPKONTROLETOETSING
16. OORDRAGTE
17. MEDE-EIENAARSKAP VAN DIERE
18. KANSELLASIE VAN REGISTRASIES OP PER KAPITALYSTE
19. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK
20. DELEGERING VAN MAGTE
21. TEGNIESE ADVISEURS: KLASSIFIKASIE, INSPEKSIE EN SELEKSIE
22. BEOORDELAARS, BEOORDELING EN RING-GIDSE
23. KAMPIOENSKAPSKOUE
24. INVOERSTANDAARDE
25. NIE -LEDE

GRONDWET VAN SA HOLSTEIN
WOORDOMSKRYWINGS, AFKORTINGS EN UITLEG

Wanneer dit in hierdie grondwet gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken -

(a) "aanteken", die prosedure waardeur ‘n Holstein deur **SA Holstein** in ‘n register aangeteken word;

(b) "beslissing", besluit regmatig deur die raad ingevolge die grondwet geneem;

(c) "eienaar", die persoon
  (i) wie volgens die rekords van SA Holstein sodanige Holstein besit, of
  (ii) wat tot bevrediging van die hoofbestuurder bewys lewer dat sodanige Holstein geskik is vir registrasie in die naam van die eienaar, of
  (iii) wat, ingevolge die kuddeboek in die land van herkoms van die betrokke Holstein, soos van tyd tot tyd erken deur die raad, daarop geregtig is om as sodanig geregistreer te word;

(d) "embrio", 'n bevrugte ovum van 'n Holstein;

(e) "Exco", die uitvoerende komitee van die raad;

(f) "finansiële jaar", daardie periode, van tyd tot tyd deur die raad bepaal, waarvoor ‘n verslag ten opsigte van die finansiële status van **SA Holstein** voorberei en aan die algemene jaarvergadering voorgelê word;

(g) "grondwet", die grondwet van SA Holstein, met inbegrip van die verordeninge;

(h) "Holstein", 'n bees wat ingevolge die bepalings soos omskryf in Skedule D in die kuddeboek geregistreer is of daarvoor geskik is, en die woorde"bees/te", "dier/e", "vers/e", koei/e", bul/le", en kalf/kalwers" sal dieselfde betekenis hê;

(i) "hoofbestuurder", die Hoofbestuurder van **SA Holstein** soos van tyd tot tyd deur die raad aangestel;

(j) "hulpstamboekdier", 'n dier geregistreer in die hulpstamboekafdeling van die kuddeboek;

(k) "ingevoer", semen, embrio's en diere van die Holstein geland in die RSA en 'n dier wat onderweg gebore is;

(l) "invoerstandaarde", die riglyne soos deur die raad van tyd tot tyd voorgeskryf vir die invoer van semen, embrio's of diere na die RSA;

(m) "klasseer", die prosedure wat in gebruik is om diere van nie-registrerende lede en nie-lede te klasseer;

(n) "klassifikasie", die prosedure waardeur 'n vroulike dier van 'n registrerende lid geklassifiseer word volgens die gestelde standaarde soos deur **SA Holstein** voorgeskryf;

(o) "koper", die persoon of persone aan wie eienaarskap/gesamentlike eienaarskap van 'n Holstein oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

(p) "kuddeboek", die Holsteinkuddeboek (hetsy in gerekenariseerde of enige ander vorm) waarin alle besonderhede van alle geregistreerde Holsteins ingeskryf word en wat die

onderafdelings bevat wat van tyd tot tyd deur die raad vasgestel mag word en onder die bestuur staan van sodanige registrerende owerheid deur die raad van tyd tot tyd bepaal;

(q) "lid", ‘n persoon wat aan al die vereistes vir lidmaatskap voldoen en as sodanig tot die geledere van **SA Holstein** toegelaat is;

(r) "lidland", enige ander land dan die RSA waar Holsteins geteel word en waar die telers daarvan lidmaatskap van SA Holstein bekom het en waarvan die diere ingevolge die bepalings van hierdie grondwet geregistreer word;

(s) "oordrag", enige transaksie waardeur enige persoon die reg van alleeneienaarskap of van enige aandeel of bykomende aandeel van die eienaarskap van sodanige dier verkry, en sal dit die verkoop, ruil of skenking van alleen of gedeelde eienaarskap van sodanige dier en die opgee van enige aandeel in die eienaarskap van sodanige dier insluit;

(t) "raad", die Raad van **SA Holstein** ingevolge hierdie grondwet behoorlik verkies;

(u) "registreer", die prosedure van inskrywing van 'n Holstein in die hulpstamboek- of volgeregistreerde afdelings van die kuddeboek en ook die prosedure waardeur 'n voorvoegsel op rekord geplaas word;

(v) "registrerende owerheid", daardie instansie wat ingevolge toepaslike wetgewing as sodanig by die Nasionale Departement van Landbou geregistreer is en wat deur die raad aangewys is om die registrasiefunksies van **SA Holstein** te behartig, indien dit nie **SA Holstein** self is wat hierdie funksie verrig nie;

(w) "RSA", die Republiek van Suid-Afrika;

(x) "**SA Holstein**", die dieretelersgenootskap bekend as SA Holstein, wat as sodanig by die Registrateur van Veeverbetering in die Nasionale Departement van Landbou in terme van die toepaslike wetgewing ‘n sertifikaat van regspersoonlikheid verkry het;

(y) "seleksie", die klasseer of evaluasie van diere volgens fenotipe;

(z) "semen", die semen van 'n Holstein;

(aa) "Skedule", enige skedule na verwys in die grondwet of soos geskep deur die raad, en enige wysigings daaraan wat van tyd tot tyd deur die raad gemaak mag word;

(bb) "Stamboek", die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Veeverbeteringsvereniging;

(cc) "teler", die eienaar van -
- (i) die moeder ten tyde van die geboorte van 'n Holstein;
- (ii) sodanige Holstein tydens aansoek om registrasie in die kuddeboek; of
- (iii) die ontvangerkoei ten tyde van die geboorte van 'n Holstein as gevolg van 'n embrio-oorplasing;

(dd) "uitvoer", die verkoop en versend na enige land buite die RSA;

(ee) "verkoop", ook skenk, nalaat, ruil of oordrag van eienaarskap van ‘n Holstein op welke wyse ookal; en

(ff) "verkoper", die persoon of persone wie volgens die rekords in die kuddeboek die eienaar/gesamentlike eienaars is van 'n Holstein wat verkoop is, of in die geval van ‘n ingevoerde Holstein, die eienaar in die land van oorsprong wie sodanige Holstein verkoop het;

(gg) "verordeninge", die verordeninge van **SA Holstein** wat van tyd tot tyd deur die raad gewysig en goedgekeur word.

Wanneer afkortings in hierdie grondwet, of in die loop van die instandhouding van die kuddeboek, of tydens die bestuur van **SA Holstein** gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken -

(a) "A", diere geregistreer as Hulpstamboek A in die kuddeboek;

(b) "AJV", die Algemene Jaarvergadering;

(c) "B", diere geregistreer as Hulpstamboek B in die kuddeboek;

(d) "BVI ", die Suid-Afrikaanse Holstein genetiese teelwaarde-indeks

(e) "C", diere geregistreer as Hulpstamboek C in die kuddeboek;

(f) "CN ", diere verwek deur die kloningstegniek;

(g) "ET", diere verwek deur die embrio-oorplasingsmetode, asook die tegniek;

(h) "IP", ingevoerde diere, semen en embrio's;

(i) "KI", diere verwek deur die kunsmatige inseminasiemetode, asook die tegniek;

(j) "PP", natuurlike poenskopdiere ooreenkomstig die verordeninge;

(k) "R", diere wat rooi-en-wit of rooi-, wit-en-swart gebore is;

(l) "SAH", **SA Holstein**;

(m) "SP", diere met ten volle geregistreerde status; en

(n) "TPI", die **SA Holstein** tipe- en produksie-indeks.

Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word in toepaslike wetgewing sal dieselfde beteken as in daardie betrokke toepaslike wetgewing.

Tensy 'n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die grondwet na persone in die manlike geslag verwys die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud sal die enkelvoud insluit.

KLOUSULES

1. **NAAM VAN DIE DIERETELERSGENOOTSKAP**
Die naam van die dieretelersgenootskap is **SA Holstein**.

2. **SA HOLSTEIN MISSIE**
Om die toonaangewende ras van Afrika te wees wat finansiële groei aan ons vennote, die Holstein telers, verseker deur dienste en produkte van hoogstaande gehalte te lewer.

3. **BEVOEGDHEDE EN MAGTE**
Onderhewig aan die bepalinge van toepaslike wetgewing en hierdie grondwet sal **SA Holstein** die bevoegdheid hê om deur aankoop, huur of ander wyse, eiendom, hetsy roerend of onroerend, te besit, te hê en te okkupeer, te vervreem, verhuur, met verband te beswaar, verpand, of op ander wyse sodanige eiendom te beswaar; geld te leen of uit te leen; enige fondse van **SA Holstein** te belê, of sodanige beleggings van tyd tot tyd op te sê of te verander, en deurgaans om sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos aan **SA Holstein** opgelê is deur die algemene jaarvergadering, toepaslike wetgewing en as gevolg van sy lidmaatskap van enige ander liggaam, vereniging of organisasie waarvan **SA Holstein** lidmaatskap hou ingevolge die bepalings van klousule 15: Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie grondwet vervat **SA Holstein** beperk om sodanige handelinge uit te voer as wat in die normale verloop van sake en by wetgewing van ‘n regspersoon verwag word om in die belang van sy lede uit te voer nie.

4. **LIDMAATSKAP**

4.1 **Geskiktheid vir lidmaatskap**
Natuurlike persone asook wetlik erkende regspersone, wat direk of indirek betrokke is by die teel van Holsteins in die RSA of in die lidlande mag as lede aansluit op die goedkeuring van die hoofbestuurder.

4.2 **Wetlik erkende regspersone**

4.2.1 'n Maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regs-persoon wat om Gewone Registrerende Lidmaatskap aansoek doen, moet aan **SA Holstein** sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te enige tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, **SA Holstein** verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van **SA Holstein** op te tree: Met dien verstande dat sodanige verteenwoordiger die reg sal hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem om **SA Holstein** nie later as twee dae voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, te bereik nie.

4.2.2 Ten opsigte van 'n vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote ten tyde van aansoek om lidmaatskap aan **SA Holstein** verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge teenoor **SA Holstein.**

4.2.3 Alle stukke wat aan die verteenwoordiger in subklousule 4.2.1 bedoel, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regs-persoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige verteenwoordiger bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.2.4 Die verteenwoordiger in subklousule 4.2.1 bedoel, mag tot die raad van **SA Holstein** verkies word.

4.2.5 Indien 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Registrerende Lidmaatskap te voldoen, soos in subklousule 4.3.1 uiteengesit, sal sy lidmaatskap van **SA Holstein** beëindig word en die bepalinge van die subklousule 4.2.6 sal mutatis mutandis op so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regspersoon van toepassing wees.

4.2.6 In die geval van die likwidasie van 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of ander wetlik erkende regspersoon of die ontbinding van 'n trust of vennootskap, sal lidmaatskap aan **SA Holstein** outomaties beëindig word: Met dien verstande dat -

(a) alle gelde of bedrae aan SA Holstein verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur **SA Holstein** gevorder sal word van die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of ander wetlik erkende regspersoon, of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap, of van die trustees van sodanige trust;

(b) die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of ander wetlik erkende regspersoon en die lede van sodanige vennootskap en die trustees van sodanige trust verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regspersoon na te kom ten opsigte van registrasies, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, trust, vennootskap of ander wetlik erkende regspersoon moes nakom as lid van **SA Holstein**; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos per capita's, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir ‘n Gewone Registrerende Lid opgelê sal word.

4.3 **Kategorieë van lidmaatskap**

4.3.1 **Gewone Registrerende Lid**

Alle telers van Holstein diere wat voorheen deur bemiddeling van **SA Holstein** vir hulle uitsluitlike gebruik 'n unieke voorvoegsel geregistreer het, kom met die goedkeuring van die hoofbestuurder vir gewone registrerende lidmaatskap in aanmerking en mag Holsteins registreer of aanteken en aan sodanige Holsteins sal die voorvoegsel toegeken word. 'n Gewone registrerende lid sal sy regte in terme van hierdie klousule behou, al word hy 'n Lewenslange Erelid.

4.3.2 **Gewone Nie-registrerende Lid**

Persone wat direk of indirek betrokke is by die teel van Holsteins mag met goedkeuring van die Hoofbestuurder gewone nie-registrerende lidmaatskap verkry, maar registreer nie Holsteins in die kuddeboek nie. Gewone nie-registrerende lede mag nie by vergaderings van **SA Holstein** stem nie en kom nie in aanmerking vir verkiesing tot die raad nie.

4.3.3 **Lewenslange lid**

SA Holstein bied nie lewenslange Lidmaatskap aan nie.

4.3.4 **Lewenslange Erelid**

Vir spesiale verdienstelike dienste gelewer in belang van die Holstein mag die raad 'n natuurlike persoon tot Lewenslange Erelid verkies: Met dien verstande dat sodanige Lewenslange Erelid al die regte en voorregte van lidmaatskap sal geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van **SA Holstein** en met verdere dien verstande dat lewenslange erelede onthef sal wees van jaarlikse subskripsiegelde.

4.3.5 **Spesiale Erelede**

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van die Holstein nie, mag deur die raad as spesiale erelid verkies word op sodanige voorwaardes soos deur die raad bepaal mag word: Met dien verstande dat 'n Spesiale erelid geen stemreg by vergaderings van **SA Holstein** sal hê nie en ook nie tot die raad verkiesbaar sal wees nie.

4.3.6 **Junior lede**

Enige persoon onder die ouderdom van agtien jaar wat direk of indirek gemoeid is met die teelt van die Holstein kan in aanmerking kom vir lidmaatskap van **SA Holstein** as Junior Lid: Met dien verstande dat ‘n junior lid geen stemreg het nie en ook nie tot die raad verkiesbaar is nie, maar sodanige junior lid kan aan die ander aktiwiteite van **SA Holstein** deelneem. Die ouers of voogde van ‘n persoon wat aansoek om junior lidmaatskap doen moet die aansoekvorm onderteken en volle verantwoordelikheid vir die finansiële en ander verpligtinge namens sodanige junior lid aanvaar.

4.4 **Aansoek om lidmaatskap**

4.4.1 Aansoek om lidmaatskap van SA Holstein moet skriftelik aan die Hoofbestuurder gerig word op die vorm soos in skedule E beskryf. Alle gewone registrerende lede is terselfdertyd verplig om vir ‘n unieke kuddevoorvoegsel aansoek te doen.

4.4.2 Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.

4.4.3 Die raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die raad mag bepaal, of enige aansoek weier sonder om redes vir sodanige weiering te verstrek.

4.4.4 Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van alle gelde wat sy aansoek vergesel het.

4.5 **Regte en voorregte van lidmaatskap**

Met die uitsondering van eksekuteurs van bestorwe boedels, trustees van insolvente boedels en likwidateurs van maatskappye en beslote korporasies, is die regte en voorregte van lidmaatskap aan **SA Holstein** in die lid self gevestig en is dit nie oordraagbaar nie, hetsy uit eie keuse of by wyse van die bepalinge van wetgewing. Die regte en voorregte sluit in -

(a) om alle verslae en ander materiaal deur **SA Holstein** uitgegee vir verspreiding onder lede te ontvang;

(b) om onderworpe aan die toepaslike bepalings van hierdie grondwet aansoek te doen vir die registrasie of aantekening van Holsteins in die kuddeboek en om Holsteins aan te teken in die register;

(c) om alle algemene vergaderings van **SA Holstein** by te woon en onderworpe aan die bepalings in subklousule 4.3 vervat, stemreg uit te oefen, al dan nie;

(d) om mee te ding om pryse en kompetisies deur **SA Holstein** aangebied;

(e) om, indien beskikbaar, ten opsigte van Holstein aangeleenthede deskundige tegniese advies van tegniese personeel, ampsdraers en verteenwoordigers van **SA Holstein** te ontvang, toegang te hê tot alle rekords betreffende Holsteins deur **SA Holstein** gehou of waartoe **SA Holstein** toegang het, raadpleging te kry, en spesiale besoeke aan te vra: Met dien verstande dat alle koste wat hieraan verbonde mag wees deur die aansoeker betaalbaar is; en

(f) om SA Holstein se amptelike verslae te ontvang en te raadpleeg.

5. **REGISTER VAN LEDE**

5.1 Die hoofbestuurder sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, die lid se verkose domicilium citandi et executandi, ander

kontakbesonderhede, bedrae ontvang en die datum van betalings en agterstallige gelde wat verskuldig mag wees, indien enige, ingeskryf moet word.

5.2 Elke lid moet die hoofbestuurder skriftelik van 'n verandering van sy gekose domicilium in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal na sewe dae van versending daarvan beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per aangetekende pos deur **SA Holstein** aan lede versend is, sal as bindend beskou word.

6. **AANWENDING VAN PRESTASIEDATA**

Alle prestasiedata van SA Holstein lede wie verbonde is aan die Nasionale Melkprestasietoetsskema mag op versoek van **SA Holstein**, en onderworpe aan die voorwaardes wat deur die trustees van die data opgeneem in die Registrasie- en Genetiese Inligtingstelsel (Intergis) en/of enige ander Registrasie en Genetiese inligtingstelsel, voorgeskryf mag word, aan **SA Holstein** beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat **SA Holstein** sodanige data nie tot die nadeel van enige lid, of lede, of die Intergis sal aanwend nie en dat die verdere verwerking van die data nie tot die nadeel van die oogmerke van die Nasionale Melkprestasietoetsskema sal wees nie.

7. **LEDEGELD EN GELDE**

7.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan **SA Holstein** betaalbaar, word deur die hoofbestuurder bestuur en van tyd tot tyd deur die raad bepaal en vir kennisname aan die eerste daaropvolgende algemene vergadering voorgelê.

7.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op die eerste dag van die finansiële jaar en sal as agterstallig beskou word as dit dertig dae daarna nog nie betaal is nie, tensy spesiale skriftelike toestemming vir latere betaling deur die hoofbestuurder toegestaan is.

7.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is of wat geld aan **SA Holstein** skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as dertig dae nadat 'n skriftelike eis om betaling daarvan per geregistreerde pos deur die hoofbestuurder aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde vereffen is nie.

7.4 Die raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel mag word.

7.5 Enige lid wat ingevolge subklousule 7.3 die regte en voorregte van lidmaatskap verbeur het, en ondanks juiste en behoorlike eis om betaling aan hom by sy gekose domicilium per betaalde geregistreerde brief deur die Hoofbestuurder gerig, voortgaan om vir 'n verdere dertig dae agterstallig te bly ten opsigte van enige gelde verskuldig, sal outomaties sy lidmaatskap van **SA Holstein** verbeur.

7.6 Enige lid wat, om watter rede ookal, ophou om 'n lid van **SA Holstein** te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan **SA Holstein** verskuldig was tot en met die laaste dag van die finansiële jaar waarin sy lidmaatskap beëindig is.

7.7 Indien die hoofbestuurder beslis dat die rekening van 'n lid agterstallig is of ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so 'n lid, indien sy rekening deur die hoofbestuurder vir invordering aan 'n prokureur oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, invorderingsgelde, prokureursgelde en kliëntkostes wat dit mag meebring, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom

aan **SA Holstein** verskuldig is.

8. **BEDANKINGS, VERBEURINGS EN SKORSING VAN LIDMAATSKAP**

8.1 Enige lid mag bedank as lid van **SA Holstein** deur voor die tyd skriftelik en per geregistreerde pos kennis daarvan aan die hoofbestuurder te gee: Met dien verstande dat -

(a) sodanige bedanking minstens voor die eerste dag van die nuwe finansiële jaar ingedien moet word en by gebrek hiervan sal die lid ten volle verantwoordelik bly vir die betrokke finansiële jaar se ledegeld en enige ander onbetaalde gelde;
(b) geen ledegelde of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie; en
(c) alle gelde aan **SA Holstein** verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur **SA Holstein** vereis.

8.2 Enige lid stel homself aan dissiplinêre optrede bloot indien hy -
(a) die grondwet of enige reël van **SA Holstein** oortree het;
(b) na die uitsluitlike oordeel van die raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van **SA Holstein** of enige van sy lede opgetree het;
(c) deur sy optrede of gebrek daaraan werklike of moontlike oneer aan **SA Holstein** gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die doelstellinge van **SA Holstein**;
(d) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel, foutiewe informasie van enige aard aan **SA Holstein** of enige van sy amptenare, of aan beoordelaars by skoue, of aan die Nasionale Melkprestasietoetsskema, of aan die registrerende owerheid verstrek het;
(e) aan die liggaam van 'n Holstein sodanige kosmetiese veranderings aangebring het om enige persoon by normale ondersoek te mislei ten opsigte van die ware eienskappe van die dier; of
(f) probeer om ‘n amptenaar van **SA Holstein** om te koop:

Met dien verstande dat geen skorsing in werking gestel sal word nie, alvorens **SA Holstein** nie minstens dertig dae voor die datum van die raadsvergadering waarop sodanige skorsing op die sakelys is, 'n geregistreerde brief aan so 'n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar 'n beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, of skriftelik, sy kant van die saak op die raadsvergadering te stel. Indien sodanige skrywe nie betyds aan die lid gerig is nie, mag die raad in belang van onpartydigheid nie die moontlike skorsing of die omstandighede bespreek nie.

8.3 Die raad of enige komitee van die raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van 'n lid en om sodanige inligting by so 'n plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so 'n wyse as wat die raad mag goeddink: Met dien verstande dat die gewone reëls wat betref die lewering van getuienis nie van toepassing sal wees op sodanige bona fide navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die raad of sy komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of inligting wat bekom was nie.

8.4 Na 'n besluit aanvaar deur nie minder nie as twee-derdes van die raadslede teenwoordig en wat by sodanige vergadering stem, mag die raad gelas dat -
(a) die lid berispe word en/of met sodanige bedrag wat die raad mag bepaal, beboet word;
(b) sy lidmaatskap opgeskort word vir 'n tydperk in die beslissing bepaal, maar wat nie die oorblywende gedeelte van die lopende finansiële jaar, en twee van die direk

daaropvolgende finansiële jare te bowe gaan nie; of

(c) die lid geskors word.

8.5 Enige lid wat geskors is, moet deur **SA Holstein** skriftelik daarvan in kennis gestel word binne vyf dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy uitsetting uit die register van **SA Holstein** goedgekeur is.

8.6 Na sodanige skorsing van 'n lid mag die raad opdrag aan die hoofbestuurder gee om sy naam uit die kuddeboek en enige ander registers of verslae van **SA Holstein** te verwyder en by die registrerende owerheid aansoek doen vir die kansellering van alle geregistreerde Holstein diere wat ten tyde van sy skorsing sy eiendom is.

8.7 Die raad mag verder van die geskorste lid vereis om onverwyld alle registrasiesertifikate ten opsigte van Holstein-diere wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die registrerende owerheid te oorhandig en na sodanige datum sal geen dienste van enige aard aan hom gelewer word nie.

8.8 Enige lid wat geskors word sal alle gelde deur hom verskuldig aan ten volle betaal en al sy verpligtinge nakom ten opsigte van registrasie en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap: Met dien verstande dat enige lid wat van **SA Holstein** geskors word aanspreeklik bly vir alle ledegeld en gelde deur hom verskuldig aan **SA Holstein** ten tyde van sodanige skorsing.

8.9 Vanaf die skorsingsdatum, of gedurende die tydperk van opskorting van lidmaatskap, na gelang van die geval, sal die lid sy lidmaatskapregte en ook enige regte of aansprake op **SA Holstein** of sy eiendom of fondse verbeur soos wat hy andersins uit hoofde van sy lidmaatskap sou gehad het.

8.10 Enige persoon wat op welke wyse opgehou het om lid van **SA Holstein** te wees, mag na goeddunke van die raad en op die voorwaardes wat neergelê mag word weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalinge van subklousule 4.3: Met dien verstande dat alle agterstallige skulde, indien enige, vereffen is.

9. VERKIESING VAN DIE RAAD EN DIE UITVOERENDE KOMITEE

9.1 Die belange van **SA Holstein** sal beheer en bestuur word deur 'n raad wat jaarliks tydens die Algemene Jaar-vergadering of ‘n spesiale algemene vergadering vir dié doel byeengeroep, verkies word uit vol opbetaalde stem-geregtigde lede van **SA Holstein**: Met dien verstande dat daar vyf streke sal wees, te wete Transvaal (soos dit op 15 September 1992 bestaan het), Vrystaat, Kwazulu-Natal, Oos-Kaap (daardie landdrosdistrikte vermeld in skedule L) en Wes-Kaap (daardie landdrosdistrikte vermeld in skedule L).

9.2 Daar sal sewe algemene raadslede wees, verkies uit registrerende lede wat die meeste stemme op hulle verenig ongeag die streek waarin enige lid woonagtig is. Die nominasie en sekondering van sodanige raadslede sal mondeling geskied en die stemming per geheime stembrief.

9.3 Sou daar, nadat die verkiesing van registrerende raadslede afgehandel is, bevind word dat enige streek nie op die raad verteenwoordig is nie, sal daar om verdere nominasies gevra word uit die geledere van registrerende lede woonagtig in die streek of streke betrokke, en 'n afsonderlike stemming sal gehou word vir elke sodanige onverteenwoordigde streek (in alfabetiese volgorde geneem) met alle lede teenwoordig by die algemene jaarvergadering daarop geregtig om te stem ten opsigte van elke sodanige afsonderlike verkiesing. Elke lid sodoende verkies, sal by verkiesing al die regte en voorregte van 'n algemene lid hê en sal by die volgende algemene jaarvergadering uittree.

9.4 By elke algemene jaarvergadering sal minstens twee van die dienende raadslede wat die langste diens gedoen het, bereken vanaf die datum van elke lid se laaste verkiesing tot die raad, uittree en vakatures wat so ontstaan, sal gevul word ingevolge die bepalings van subklousules 9.2 en 9.3: Met dien verstande dat alle uittredende lede herverkies-baar sal wees.

9.5 ‘n President en ‘n Vise-president word agtereenvolgens voor afhandeling van die verkiesing van raadslede deur die algemene jaarvergadering of ‘n spesiale algemene vergadering vir dié doel byeengeroep verkies: Met dien verstande dat:

9.5.1 Die hoofbestuurder, wat by die vergadering sal voorsit terwyl die verrigtinge in verband met die verkiesing van die president plaasvind, van die algemene jaarvergadering skriftelike nominasies om die presidentsamp sal aanvra.

9.5.2 By ontvangs van sodanige skriftelike nominasies die hoofbestuurder die naam van elke persoon genomineer deur minstens twee lede sal aankondig, en die nominasie van 'n persoon nie genomineer deur minstens twee lede nie, sal outomaties verval en sy naam nie deur die hoofbestuurder aangekondig word as kandidaat nie. Enige genomineerde mag, sonder goedkeuring van sy voorsteller, sy nie-beskikbaarheid aandui en sy naam sal dan van die lys van kandidate geskrap word.

9.5.3 Indien net een persoon behoorlik genomineer word, hy behoorlik as president verkies, verklaar sal word.

9.5.4 Sou meer as een persoon soos bedoel genomineer word, die hoofbestuurder 'n stembrief aan elke lid teenwoordig sal laat uitreik en sodanige lede sal daarop die naam van elke kandidaat skryf en deur middel van 'n 'X' in die voorgeskrewe ruimte vir die kandidaat van hul keuse hul stem uitbring en die hoofbestuurder twee stemopnemers sal aanwys om die stembriewe in te neem en die stemme te tel.

9.5.5 Die president verkose verklaar sal word wanneer hy een meer as vyftig persent van die stemme verkry het. Indien geen een kandidaat die vereiste aantal stemme ontvang het nie, sal daar 'n verdere stemming wees.

Die name van die kandidate wat in die eerste stemming die hoogste en die tweede hoogste aantal stemme verkry het, onderwerp sal word aan 'n verdere stemming. Indien daar 'n gelykoptelling is in die aantal stemme wat in die tweede stemming uitgebring word, die presidentskap beslis sal word deur loting tussen die twee kandidate.

9.5.6 Nadat die president behoorlik verkies is, hy by die vergadering sal voorsit en die verkiesing vir die amp van vise-president hou. Die toepaslike bepalings van subklousule 9.5.1 tot en met 9.5.5 mutatis mutandis op sodanige verkiesing van toepassing sal wees.

9.6 Die amp van Ere-tesourier sal gevul word deur 'n verkiesing met geslote stembriefies by die eerste vergadering van die nuutverkose raad na afloop van die algemene jaarvergadering.

9.7 Die persone wat behoorlik verkies is tot die ampte van president, visepresident en die ere-tesourier sal die uitvoerende komitee (Exco) van die raad konstitueer en Exco word toevertrou met die direkte bestuur van die sake van **SA Holstein**: Met dien verstande dat enige lid van **SA Holstein** die reg het om enige aangeleentheid waaroor Exco 'n besluit of beslissing geneem het na die raad te verwys wie se besluit finaal sal wees. Skriftelike kennisgewing per betaalde geregistreerde pos ten opsigte van die uitoefen van sodanige reg moet binne negentig dae vanaf die datum waarop Exco die besluit geneem het aan die hoofbestuurder gerig word.

9.8 Indien 'n lid van die raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van **SA Holstein** te wees of sy amp verbeur ingevolge subklousule 9.9 kan die raad 'n ander registrerende lid van **SA Holstein** aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan: Met dien verstande dat waar die amp van president, vise-president of ere-tesourier vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die raad verkies is, moet die raad by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk, te vul.

9.9 Lede van die raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die raad afwesig was sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp outomaties verbeur.

9.10 Benewens die verkose lede van die raad sal ook die hoofbestuurder en enige ander persoon deur die raad gekoöpteer in 'n adviserende hoedanigheid, sonder stemreg op die raad dien.

10. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die raad het, onderworpe aan die bepalinge van die grondwet en die besluite van enige algemene vergadering van **SA Holstein** soos wat van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van **SA Holstein** is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellinge wat nodig of wenslik geag mag word, en in besonder het die raad die mag om -

10.1 alle kostes en gelde in verband met die administrasie en bestuur van **SA Holstein** se sake te betaal;

10.2 na sy goeddunke werknemers, ouditeure, hetsy permanent of tydelik of ad hoc aan te stel, af te dank of hulle diens op te skort soos hy van tyd tot tyd mag goed dink ooreenkomstig enige wette waar van toepassing, en om hulle bevoegdhede en pligte vas te stel asook salarisse, vergoeding en diensvoorwaardes;

10.3 enige regsgeding deur of teen **SA Holstein** of teen enige van sy amptenare in verband met die sake van **SA Holstein** in te stel, te voer, akkoord aan te gaan of te laat vaar, of uitstel of delging van enige skulde aan, of enige eis of vordering teen **SA Holstein** te vra;

10.4 van tyd tot tyd op sodanige wyse as wat hy goed gedink het vir die bestuur en sake van **SA Holstein** voorsiening te maak, in besonder om persone aan te stel om prokureurs of agente van **SA Holstein** te wees op sodanige voorwaardes as wat hy goed dink;

10.5 reëls, regulasies en voorwaardes te aanvaar en goed te keur waarvolgens en waarna inspeksie en toelating tot registrasie plaas sal vind en boetes en strawwe vir die oortreding van enige sodanige reëls, regulasies, en/of voorwaardes op te lê;

10.6 algemene of spesifieke vergaderings van **SA Holstein** saam te roep ooreenkomstig 'n spesiale versoek daarom in ooreenstemming met die bepalings van die grondwet, of andersins indien nodig geag;

10.7 reëls en regulasies verenigbaar met die bepalings van die grondwet te maak, wysig en herroep en daarvolgens boetes op te lê by wyse van strawwe vir die oortreding daarvan;

10.8 skedules by bestaandes te voeg, en om sodanige skedules aan te pas indien dit in die belang van **SA Holstein** geag word;

10.9 vir die doeleindes van **SA Holstein** enige grond, huurpersele, roerende of onroerende eiendom te koop, huur of op bruikhuur te neem, en dieselfde te verhuur of van die hand te sit;

10.10 geld vir die doeleindes van **SA Holstein** teen sekuriteit van enige eiendom van **SA Holstein** te leen;

10.11 oorskotfondse van **SA Holstein** by 'n bank of ander finansiële instelling te deponeer of sodanige fondse op 'n ander wyse te belê soos hy van tyd tot tyd mag goed dink;

10.12 op 'n jaarlikse basis, indien nodig, nie meer as drie persone nie te ko-opteer om op die raad te dien, wat die reg sal hê om alle vergaderings van **SA Holstein** of die raad by te woon en aan alle besprekings deel te neem, maar wat nie daarop geregtig sal wees om te stem oor enige saak of besluit by sodanige vergaderings nie;

10.13 verteenwoordigers aan te wys om **SA Holstein** te verteenwoordig by enige ander liggaam of organisasie soos wat nodig mag wees;

10.14 deurgaans alles te doen wat nodig is vir die welvaart van **SA Holstein** en vir die bestuur van sy sake met die voorbehoud dat enige optrede of opdragte gegee nie teenstrydig met die bepalings van die grondwet sal wees nie.

11. VERGADERINGS

11.1 Exco sal op sodanige tyd en plek vergader soos wat hy mag bepaal of soos deur die president mag besluit, of in sy afwesigheid, die vise-president: Met dien verstande dat twee Exco lede persoonlik teenwoordig aan die begin van ‘n Exco vergadering ‘n kworum sal vorm.

11.2 Die raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word, of soos wat die president of in sy afwesigheid die vise-president mag besluit: Met dien verstande dat minstens twee raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

11.3 **'n Spesiale raadsvergadering -**

(a) mag deur die president (of in sy afwesigheid deur die vise-president) belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder nie as vier raadslede waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die hoofbestuurder gerig word.

11.4 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome raadsvergadering moet nie minder nie as een-en-twintig dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die hoofbestuurder aan elke lid van die raad gepos word (hetsy elektronies of andersins): Met dien verstande dat nieteenstaande enigiets hierin vervat, sal Exco bevoeg wees om 'n raadsvergadering saam te roep op nie minder nie as drie dae kennisgewing in enige geval waar Exco dit in belang van **SA Holstein** beskou dat 'n dringende spesiale vergadering gehou word.

11.5 Geen besluit van ‘n raadsvergadering mag verander of ongeldig gemaak word nie, tensy minstens veertien dae kennis van die beoogde verandering of ongeldigmaking gegee was aan elke raadslid: Met dien verstande dat so ‘n besluit wel sonder die beoogde kennisgewing verander of ongeldig gemaak mag word as alle raadslede teenwoordig is en eenparig dienooreenkomstig besluit.

11.6 ‘n Algemene vergadering van **SA Holstein** wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in 'n finansiële jaar in Bloemfontein gehou, tensy anders deur die raad bepaal: Met dien verstande dat die algemene jaarvergadering binne nege maande na die sluiting van die finansiële jaar gehou sal word en die datum, tyd en plek sal deur die raad bepaal word.

11.7 By so 'n algemene jaarvergadering sal die raad sy jaarverslag voorlê, tesame met 'n behoorlike geouditeerde balansstaat en 'n finansiële verslag van die periode waarop die verslag betrekking het.

11.8 Die sake op die agenda van die algemene jaarvergadering sal wees om -

(a) die finansiële staat en verslae van die Raad en ouditeure te ontvang en te oorweeg;
(b) raadslede volgens die bepalings van die grondwet te verkies; en
(c) enige sake af te handel wat volgens hierdie grondwet by die algemene jaarvergadering afgehandel moet word.

11.9 Alle ander sake afgehandel by die algemene jaarvergadering sal as spesiaal beskou word en geen spesiale sake mag by die algemene jaarvergadering afgehandel word tensy skriftelik per betaalde geregistreerde pos of per hand van sodanige sake veertien kalenderdae voor sodanige vergadering plaasvind, aan die hoofbestuurder kennis gegee is nie.

11.10 'n Spesiale algemene vergadering van **SA Holstein** mag te eniger tyd belê word deur die raad op grond van 'n skriftelike aansoek daartoe, wat aan die hoofbestuurder gerig is en wat deur nie minder nie as een tiende van die lede van **SA Holstein** onderteken is. So 'n aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

11.11 Nie minder nie as een-en-twintig dae voor die hou van enige algemene vergadering, moet kennisgewing van die tyd, datum en plek van sodanige vergadering saam met die agenda van sodanige vergadering per betaalde pos aan elke lid gestuur word. Toevallige versuim om aan enige lid kennis te gee, sal nie enige besluit by sodanige vergadering geneem, ongeldig maak nie.

11.12 Daar sal geen besluit op enige algemene vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is, verskyn nie, of tensy so 'n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem.

11.13 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur 'n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

11.14 Vir die doel om besluite op 'n algemene jaarvergadering geneem, te herroep, word 'n twee-derde meerderheid-stem tydens dieselfde of ‘n daaropvolgende algemene vergadering vereis.

11.15 Die president van **SA Holstein**, of in sy afwesigheid die vise-president, of in sy afwesigheid die ere-tesourier, of in al drie se afwesigheid enige ander raadslid vir die doel deur die lede teenwoordig gekies, sal by alle algemene vergaderings voorsit.

11.16 Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem 'n beslissende stem naas sy gewone stem hê: Met dien verstande dat lede die reg het om per volmag te stem ten

opsigte van daardie sake wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal en sodanige behoorlik voltooide volmagbriewe moet die hoofbestuurder drie kalenderdae voor die datum van die betrokke vergadering bereik.

11.17 Stemming by alle vergaderings sal met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefie verlang, in welke geval stemming per geslote stembriefies sal geskied.

11.18 Kworums vir die hou van vergaderings is as volg:

(a) Vyftig stemgeregtigde lede van **SA Holstein** wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering;

(b) Twee lede van die uitvoerende komitee wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige Exco-vergadering; en

(c) Vier raadslede wat persoonlik teenwoordig is tydens enige raadsvergadering en wat stemgeregtig is.

11.19 Indien daar by enige vergadering nie 'n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot 'n tyd (nie minder nie as sewe dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so 'n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel 'n kworum: Met dien verstande dat: enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die president of vise-president teenwoordig is, vir 'n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, 'n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat die lid wat die voorsitterstoel beklee dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir 'n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, te verdaag tot 'n tyd en plek soos hierin bepaal.

11.20 In geval van die verdaging van ‘n vergadering, soos in klousule 11.19 voorsien, moet al die betrokke lede binne vyf dae in kennis gestel word van die verdaging en van die plek, tyd en datum tot wanneer die vergadering verdaag is, asook die rede van die verdaging van die vergadering.

12. NOTULES VAN VERGADERINGS

12.1 'n Afskrif van die notule van alle algemene vergaderings sal voorsien word aan elke lid van **SA Holstein**.

12.2 In die geval van die notule van ‘n vergadering van die raad, die uitvoerende komitee, of ‘n subkomitee aangestel deur die raad, word dit slegs aan die betrokke lede beskikbaar gestel: Met dien verstande dat enige lid wel sodanige notules mag aanvra op ‘n volle koste-verhalende basis.

12.3 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of 'n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

13. FINANSIËLE BEPALINGE

13.1 Die raad sal een of meer bankrekenings namens **SA Holstein** open, waarin alle gelde wat **SA Holstein** ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

13.2 Alle betalings uit die fondse van **SA Holstein** sal in enige vorm deur die Raad besluit, gedoen word.

13.3 Die raad moet behoorlik laat boekhou van inkomste en uitgawe ten opsigte van **SA Holstein**. Alle rekeninge sal van tyd tot tyd behoorlik geouditeer word, maar nie minder as eenmaal per jaar nie, deur 'n ouditeur of ouditeurs aangestel by die algemene jaarvergadering.

13.4 Die raad het beheer oor alle besittings en eiendom van **SA Holstein**.

13.5 Die inkomste en besittings van **SA Holstein**, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellinge van **SA Holstein** en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te enige tyd lede van **SA Holstein** is of was nie: Met dien verstande dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan **SA Holstein** gelewer is, kan verhoed nie.

13.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van **SA Holstein** en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van **SA Holstein** verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellinge ooreenstem met dié van **SA Holstein** soos deur die meerderheid op 'n algemene vergadering van **SA Holstein** besluit.

13.7 Die hoofbestuurder aanvaar volle verantwoordelikheid vir die finansiële aangeleenthede van **SA Holstein** met die mag om enige aspek wat hy mag goeddink, skriftelik aan die amptenaar in beheer van finansies, te delegeer en die Ere-tesourier tree in ‘n adviserende hoedanigheid op.

14. STANDAARDE VAN VOORTREFLIKHEID

Die standaarde van voortreflikheid soos neergelê in skedule D en die lineêre puntetabel soos neergelê in skedule C, mag van tyd tot tyd deur die raad om wetenskaplike redes gewysig word. Wysigings aan skedule D om ander redes sal nie aangebring word nie, uitgesonder by 'n algemene vergadering van lede en dan slegs met 'n twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig en wat by sodanige vergadering stem.

15. AFFILIASIE

SA Holstein kan met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellinge met dié van **SA Holstein** ooreenstem affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so 'n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige algemene vergadering van **SA Holstein** persoonlik teenwoordig is en stem.

16. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

16.1 Byvoegings tot, of wysigings aan die klousules van die grondwet mag slegs aangebring word deur 'n meerder-heidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by 'n algemene vergadering van **SA Holstein** teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings van, of byvoegings tot die klousules van die grondwet, asook van die vergadering waartydens dit sal plaasvind, skriftelik per betaalde pos kennis gegee word aan elke lid van **SA Holstein** nie minder nie as een-en-twintig dae voor die vergadering.

16.2 Sodanige byvoeging tot, of wysiging aan die klousules van die grondwet wat goedgekeur is soos in subklousule 16.1 hiervan beskryf, moet binne dertig dae nadat die wysiging aangebring is aan die Registrateur van Veeverbetering in die Nasionale Departement van Landbou voorgelê word en dit sal dertig dae nadat dit aldus voorgelê is, in werking tree: Met dien verstande dat indien gemelde registrateur van mening is dat die byvoeging en wysiging onbestaanbaar is met die bepalinge van enige toepaslike wetgewing, sal **SA**

Holstein binne bedoelde dertig dae daarvan in kennis gestel word waarna sodanige byvoeging en wysiging van nul en gener waarde sal word.

16.3 Byvoegings tot, en wysigings aan die verordeninge in die grondwet vervat mag eenparig deur die volle raad gewysig word: Met dien verstande dat sodanige byvoegings tot, of wysigings aan die verordeninge in die grondwet vervat nie strydig mag wees met die bepalings van die konstitusie van die registrerende owerheid of enige toepaslike wetgewing nie.

17. **DATA EIENAARSKAP**

SA Holstein behou kopiereg op alle informasie wat deur lede voorsien word en wat gegenereer word van die ras se stamboom prestasie databasis. Dié eienaarskap van hierdie informasie sal in die Genootskap gevestig wees en geen data sal sonder ‘n raadsbesluit beskikbaar gestel word nie.

18. **KANTOOR VAN SA HOLSTEIN**

Die kantoor van **SA Holstein** sal op 'n plek wees soos wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal en sal bestuur word deur die hoofbestuurder.

19. **VERKOOP - EN AANKOOPDIENS**

SA Holstein mag dienste lewer om enige persoon by te staan met die aankoop of verkoop van Holsteins, hom van raad of inligting bedien met betrekking tot die seleksie of teelt van enige sodanige diere, of as sy agent op tree in enige ander hoedanigheid.

20. **BELETSELKLOUSULE**

Geen werknemer van **SA Holstein**, behalwe in die uitvoering van sy pligte as sodanig, sal enige diens lewer of verbintenis hê of 'n belang of aandeel hê in 'n maatskappy of op enige wyse betrokke wees nie by 'n genootskap, besigheid of instelling wat dienste soortgelyk aan **SA Holstein** verskaf, tensy skriftelike toestemming deur die raad vir sodanige bedrywighede gegee is.

21. **BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE HOOFBESTUURDER**

21.1 Die hoofbestuurder sal, onderworpe aan die bepalings van die grondwet van **SA Holstein**, die bevoegdheid hê om alles te doen wat nodig of raadsaam is in belang van **SA Holstein** en vir die bevordering en volvoering van **SA Holstein** se missie.

21.2 Die hoofbestuurder sal ooreenkomstig toepaslike arbeidswetgewing enige personeellid uit sy of haar posisie in **SA Holstein** ontslaan.

21.3 Die hoofbestuurder het die bevoegdheid om enige tersaaklike sake by alle vergaderings van **SA Holstein**, die raad en Exco te bespreek.

21.4 Die pligte van die hoofbestuurder sal wees soos uiteengesit en bepaal in sy posbeskrywing, aanstellingsbrief en soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal.

21.5 Die hoofbestuurder sal aan die raad 'n maandelikse verslag voorlê oor die toestand en sake van **SA Holstein**.

21.6 Beleid sal deur die raad in samewerking met die hoofbestuurder bepaal word.

21.7 Die hoofbestuurder sal te alle tye uitvoering gee aan die beleid soos deur die raad van tyd tot tyd neergelê.

21.8 Die hoofbestuurder sal alle transaksies en kontrakte namens die raad tot beste voordeel van **SA Holstein** onderhandel, maar sal nie die gesag hê om **SA Holstein** te verbind sonder bevestiging deur die raad of Exco nie.

21.9 Die hoofbestuurder sal optree as raadgewer en sekretaris vir die raad by alle **SA** Holstein vergaderings.

21.10 Die hoofbestuurder sal die bevoegdheid hê om 'n spesiale algemene vergadering saam te roep by die bedanking van die raad.

22. JURISDIKSIE

In die geval van enige onopgeloste dispuut uit die toepassing van hierdie grondwet, sal die jurisdiksie van ‘n Suid-Afrikaanse landdroshof as bevoegde gesag erken word en alle lede stem deur aanvaarding van lidmaatskap van **SA Holstein** toe tot die jurisdiksie van die landdroshof.

23. HERROEPING EN OUTENTIEKE LESING VAN GRONDWET

23.1 Hierdie grondwet herroep die vorige grondwet van **SA Holstein** in geheel en tree behoudens die bepalings van klousule 16 onmiddellik in werking by aanvaarding hiervan deur die algemene vergadering van **SA Holstein** waartydens hierdie grondwet oorweeg en goedgekeur word.

23.2 Geen besluite wettig geneem deur enige vergadering van **SA Holstein** in terme van die vorige grondwet word deur die herroeping van daardie grondwet beïnvloed nie en alle besluite bly geldig en van krag.

23.3 Aangesien hierdie grondwet in Afrikaans opgestel en goedgekeur is, word sodanige weergawe as outentiek beskou.

VERORDENINGE

1. **KUDDEBOEK**

Die aantekening- en registrasiestelsel van **SA Holstein** sal bestaan uit die Volgeregistreerde Kuddeboek, die Hulpstamboekafdeling van die kuddeboek en enige ander register waarop die raad mag besluit ooreenkomstig die Konstitusie van die registrerende owerheid. Elke lid wat diere in enige van die registers of boeke aangeteken of geregistreer het, sal tot bevrediging van die hoofbestuurder of sy verteenwoordiger, behoorlik aantekeninge hou van die diere in sy kudde en hulle teelt.

1.1 **Hulpstamboek A**

1.1.1 Holstein vroulike diere wat aan 'n registrerende lid behoort en in die opinie van 'n tegniese adviseur van **SA Holstein** die fenotipiese karaktereienskappe wys van 'n Holstein soos uiteengesit in skedule D mag as Hulpstamboek A in die kuddeboek geregistreer word.

1.1.2 Vroulike Holsteins wat aan ‘n registrerende lid behoort mag deur middel van 'n geboortekennisgewing as Hulpstamboek A in die kuddeboek geregistreer word, mits die vader 'n geregistreerde Holstein is, en mits die betrokke dier geklassifiseer word na ontvangs van 'n registrasiesertifikaat.

1.2 **Hulpstamboek B**

Indien verwek deur 'n volgeregistreerde Holstein bul en mits dit aan 'n registrerende lid behoort sal die vroulike kalf van 'n koei in Hulpstamboek A geregistreer, in Hulpstamboek B geregistreer word: Met dien verstande dat die bepalings van Verordeninge 8.1 tot 8.8 en subverordenige daarvan mutatis mutandis van krag wees op sodanige kalf.

1.3 **Hulpstamboek C**

Alle Hulpstamboek C vroulike diere wat aan registrerende lede behoort, sal volgeregistreerde status bekom. Die opgradering van die status van Hulpstamboek C diere sal gedoen word in ooreenstemming met die prosedures uiteengesit in die genetiese benuttingsprogram.

1.4 **Volgeregistreerde-afdeling**

Die volgende diere sal geskik wees vir registrasie in die volgeregistreerde-afdeling van die kuddeboek:

1.4.1 Manlike en vroulike kalwers waarvan die geboorte aangemeld is ooreenkomstig verordeninge 8 en wat gebore is van -

(a) ouers geregistreer in die volgeregistreerde-afdeling van die kuddeboek;
(b) van vroulike diere geregistreer as Hulpstamboek B wat gekalf het van ‘n Holstein manlike dier in die volgeregistreerde-afdeling van die kuddeboek; of
(c) van vroulike diere sodanig geregistreer wat gekalf het van ingevoerde semen aanvaar kragtens **SA Holstein** se regulasies uitgevaardig ingevolge toepaslike wetgewing.

1.4.2 Diere wat ingevoer is en om registrasie kwalifiseer kragtens registrasie in enige ander kuddeboek na verwys in die woordomskrywings van die grondwet: Met dien verstande dat die aansoek om registrasie vergesel gaan van -

(a) 'n sertifikaat van registrasie of 'n uitvoersertifikaat uitgereik deur 'n stamboek genootskap (of ander organisasie wat deur **SA Holstein** en die registrerende owerheid erken word) in die land van herkoms;
(b) bewys tot die effek dat die betrokke dier aan die prestasie en ander vereistes

voldoen soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal; en

(c) 'n verslag deur ‘n tegniese adviseur van **SA Holstein** dat permanente identifikasiemerke soos aangedui op die registrasie of uitvoersertifikaat op die dier voorkom.

1.5 **Poenskopdiere**

Vir die doel hiervan beteken "Poenskop" natuurlike poenskop en tensy uit die samehang duidelik anders blyk, is 'n dier met kroese daarby uitgesluit. "Kroese" sluit in die geringste tasbare bewys van kroese: Met dien verstande dat alle diere wat natuurlik poenskop of slegs met kroese gebore word, by registrasie die toepaslike benoemingsletter of -letters ontvang soos bepaal in die subverordeninge hierna wat as P, PP, PH na die naam in die kuddeboek en op die registrasiesertifikaat vermeld sal word.

1.5.1 Natuurlike poenskopdiere met geen teken van kroese nie sal by registrasie die letters PP toegeken word, indien -

(a) in die geval van ‘n vroulike dier, haar naaste gehoringde voorouer, of voorouer met geringe los horing-knoppies, ("scurs") minstens vier generasies verwyder is en bewyse voorsien word dat die betrokke vroulike dier nog geen gehoringde nageslag opgelewer het nie; of

(b) dokumentêre bewys gelewer word dat sodanige dier nog geen gehoringde nageslag opgelewer het nie en dat minstens vyf van die nageslag van sodanige dier die gevolg is van parings met gehoringde diere; of (c) beide ouers PP is en geen gehoringde nageslag opgelewer het nie.

1.5.2 Natuurlike poenskopdiere met geen teken van die geringste los horingknoppies nie en wat nie voldoen aan die vereistes in subverordening 1.5.1 nie, sal by registrasie die letter P toegeken word, indien beide ouers natuurlik poenskop is.

1.5.3 Diere met geringe los horingknoppies sal by registrasie die letters PH toegeken word, indien -

(a) die dier geringe horingknoppies vertoon, ongeag of beide ouers natuurlik poenskop is; of

(b) die dier natuurlik poenskop is, maar een van die ouers gehoringd is.

1.5.4 Indien ‘n dier, waaraan een of beide ouers die letters PP, P of PH toegeken is, voor klassifikasie onthoring of ontkam is, moet skriftelike kennisgewing spesifiseer of die weefsel wat verwyder was, los of vas was en sal ‘n aantekening dienooreenkomstig op alle rekords van die dier aangebring word.

1.5.5 Indien nageslag met horings of geringe horingknoppies gebore word uit die paring van ouers met die letters PP of P, moet **SA Holstein** daarvan in kennis gestel word en die ouers sal herregistreer word as PH.

2. **VOORVOEGSEL**

2.1 Diere sal nie vir geboortekennisgewing of registrasie aanvaar word nie tensy die lid voor die tyd, deur bemiddeling van **SA Holstein** by die registrerende owerheid vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en geregistreer word, onderskei en benoem sal word.

2.2 Geen voorvoegsel mag agtien karakters oorskry nie, en die naam van 'n dorp, poskantoor of stad in die RSA of ‘n lidland sal nie aanvaar word vir registrasie as 'n voorvoegsel nie.

2.3 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel sal by die hoofbestuurder gedoen word en moet vergesel word van sodanige registrasiegeld soos van tyd tot tyd voorgeskryf in die fooiskedule.

2.4 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een lid na 'n ander sal nie toegelaat word nie, behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die subverordeninge hierna voorsiening gemaak is nie en mag ‘n voorvoegsel oorgedra word:

2.4.1 aan 'n kind of kinders van enige lid gedurende sy leeftyd: Met dien verstande dat in geval van 'n oordrag na meer as een kind, sodanige kinders die besigheid in vennootskap, maatskappy, beslote korporasie of trust sal voortsit;

2.4.2 in geval van 'n vennootskap wat 'n lid is, aan sodanige vennoot of vennote wat die lidmaatskap wil voortsit;

2.4.3 aan die boedel van 'n afgestorwe lid waar sodanige boedel die besigheid van die oorledene voortsit;

2.4.4 aan die erfgenaam geregtig op die erflating van die voorvoegsel kragtens die testament van die afgestorwe lid;

2.4.5 aan die erfgename van 'n afgestorwe teler, of soveel van hulle as waarop onderling deur die erfgename ooreengekom is, om die besigheid as vennootskap, maatskappy, beslote korporasie of individu voort te sit; of

2.4.6 van een persoon na 'n ander.

2.5 'n Lid sal slegs een voorvoegsel hê, behalwe wanneer hy die eienaar van meer as een kudde is, in welke geval hy om 'n ander voorvoegsel mag aansoek doen, waardeur hy aanspreeklik sal wees om lidmaatskapgelde aan **SA Holstein** te betaal ooreenkomstig die aantal voorvoegsels in sy naam geregistreer, en geregtig sal wees om soveel stemme as wat hy voorvoegsels het by 'n algemene vergadering te hê.

3. NAME

3.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die kuddeboek nie, tensy sodanige dier duidelik benoem of andersins gekarakteriseer is. Die hoofbestuurder het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel 'n misleidende naam het, te weier.

3.2 Geen naam sal langer as twintig karakters, insluitend enige afkortings wat ingevolge hierdie grondwet bygevoeg moet word oorskry nie. Die beperking van twintig karakters sluit nie die voorvoegsel in nie.

3.3 Indien die naam van 'n dier alreeds geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

4. KUNSMATIGE INSEMINERING

4.1 Diere wat deur kunsmatig inseminering verwek is sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die grondwet met betrekking tot registrasie mutatis mutandis voldoen is.

4.2 Indien verskillende bulle vir die verskaffing van semen gebruik word vir kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier, minder as agt-en-twintig dae uitmekaar, sal geen nageslag wat hieruit verwek word vir registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalinge van subverordening 4.1 hiervan, tensy die vaderskap deur ‘n wetenskaplik erkende metode deur die raad aanvaar, bevestig is.

4.3 **SA Holstein** behou die reg om deur middel van die hoofbestuurder toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy lede.

4.4 Ooreenkomstig die bepalinge van toepaslike wetgewing behou **SA Holstein** die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, te laat registreer indien die skenkerdier nie vooraf vir goedkeuring aan die raad voorgelê is nie.

4.5 Telers wat in lidlande woonagtig is en wat die voorregte van die registrasie van Holsteins geniet, mag aansoek doen om die registrasie van kunsmatig verwekte nageslag: Met dien verstande dat die semen verkry word van 'n bron wat deur **SA Holstein** goedgekeur is en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van diere en die hou van verslae so gedoen word as wat **SA Holstein** van tyd tot tyd mag goedkeur.

5. DIE OPVANG EN OORPLASING VAN EMBRIO'S

5.1 Holsteinkalwers wat deur embrio-oorplasings ontstaan het sal vir registrasie of aantekening in aanmerking kom slegs indien -

(a) aan die vereistes van die grondwet mutatis mutandis voldoen is.
(b) ouerskap van elke kalf voortspruitend uit 'n embrio-oorplasing deur ‘n wetenskaplik erkende metode deur die raad aanvaar, bevestig is; en
(c) die volgende dokumente binne 120 dae na oorplasing ingedien word:
    (i) die bloedtiperinglaboratoriumnommers van die eiselskenker en die semenskenker; en
    (ii) 'n sertifikaat deur 'n veearts, embrio-oorplaser of in die geval van binne-kudde embrio-oorplasing die eienaar of 'n persoon voltyds in sy diens te dien effekte dat die bepalinge van toepaslike wetgewing nagekom is;

5.2 **SA Holstein** behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het vir registrasie aan te beveel indien enige van hierdie verordeninge nie ten volle nagekom is nie.

5.3 In die geval van ‘n ingevoerde embrio, is die registrasie van die kalf onderworpe daaraan dat die volgende dokumentasie, geëndosseer deur die erkende registrerende owerheid in die land van herkoms, ingedien word -

(a) bewyse van die inseminering en spoeling van die embrio, sowel as die betrokke datums;
(b) twee-generasie stamboom van beide ouers;
(c) bloedtiperingsertifikate van beide ouers; en
(d) dat beide ouers voldoen aan die minimum ras- en prestasiestandaarde soos van tyd tot tyd deur die raad neergelê.

5.4 Ooreenkomstig die bepalinge van toepaslike wetgewing behou **SA Holstein** die reg om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasing verwek is, te laat registreer indien die skenkerdiere nie vooraf vir goedkeuring aan die raad voorgelê is nie.

5.5 Telers wat in lidlande woonagtig is en wat die voorregte van die registrasie van Holsteins geniet, mag aansoek doen om die registrasie van nageslag verwek uit embrio-oorplasing: Met dien verstande dat die semen en die eisel verkry word van 'n bron wat deur **SA Holstein** goedgekeur is en verder op voorwaarde dat die oorplasing van die embrio, die hantering daarvan, die oorplasing in die ontvangerdier en die hou van verslae so gedoen word as wat **SA Holstein** van tyd tot tyd mag goedkeur.

5.6 In die geval van eiendomsoordrag van 'n embrio sal 'n ET-sertifikaat behoorlik aan **SA Holstein** voorgelê word vir oordragdoeleindes.

5.7 Na die naam van elke dier verwek deur embrio-oorplasing en geskik vir registrasie ingevolge hierdie grondwet, sal die letters ET ingeskryf word in die toepaslike boeke van **SA Holstein** en op die registrasiesertifikaat en stamboom.

6. DEKKINGSERTIFIKATE

Wanneer ook al die geboorte van 'n kalf aangemeld word, waarvan slegs die moeder geregistreer of geskik vir registrasie in naam van die eienaar is, sal sodanige kennisgewing vergesel word deur 'n deksertifikaat van die persoon wat ten tyde van die dekking die geregistreerde eienaar van die vader was. Sodanige deksertifikaat sal die datum spesifiseer van die dekking. Die betrokke kalf mag na goeddunke van die raad uitgesluit word van enige registrasie in die kuddeboek.

7. DRAGTIGHEIDSPERIODE

7.1 Die normale erkende dragtigheidsperiode is twee-honderd-drie-en-tagtig dae en die maksimum drie-honderd dae.

7.2 Die minimum periode tussen die geboortedatums van twee agtereenvolgende nie-ET kalwers uit een koei sal twee-honderd-en-sestig dae wees.

7.3 Geen dragtigheidsperiode of interkalfperiode buite die tydsbestek in subverordeninge 7.1 en 7.2 bedoel, sal erken word nie, tensy ouerskap deur 'n wetenskaplike erkende metode deur die raad aanvaar, bewys is nie.

8. KENNISGEWING VAN GEBOORTES

8.1 Die teler van 'n kalf sal die hoofbestuurder in kennis stel van die geboorte van sodanige kalf ongeag of sodanige kalf dood of lewend gebore is, of hetsy sodanige kalf vernietig moet word of nie. Sodanige kennisgewing sal gedoen word deur rekenaarmatige kennisgewing deur **SA Holstein** voorgeskryf of op die vorm voorgeskryf in Skedule B, waarvan een kopie behoorlik voltooi in alle opsigte en geteken deur die teler of sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger, deur hom aangestuur sal word om die hoofbestuurder te bereik nie later as sewe-honderd dae na die geboortedatum in die geval van vroulike diere en drie-honderd dae in die geval van manlike diere nie. Tensy die lid die teendeel op die vorm aandui, sal sodanige kennisgewing ten opsigte van 'n lewende kalf beskou word as 'n aansoek om registrasie in die toepaslike afdeling van die kuddeboek: Met dien verstande as sodanige kennisgewing rekenaarmatig geskied, die administratiewe bepalings vervat in hierdie verordening 8 ten opsigte van die vorm in Skedule B voorgeskryf, nie van toepassing is nie.

8.2 Elke registrerende lid sal 'n voorraad geboortekennisgewingdokumente, gedruk en opeenvolgend genommer, in duplikaat aanhou en wat op versoek vanaf die hoofbestuurder verkrygbaar is teen 'n koste wat van tyd tot tyd in die fooiskedule vasgestel sal word.

8.3 Wanneer enige registrerende lid kennis gee van die geboorte van 'n kalf, sal hy die vorm waarna in subverordening 8.2 verwys word, in duplikaat voltooi en die duplikaat van sodanige vorm op so 'n wyse bewaar dat die inligting wat op sodanige duplikaat voorkom in alle opsigte sal ooreenstem met die inligting wat voorkom op die kopié wat aan die hoofbestuurder afgestuur is. Alle sodanige duplikate moet ongeskonde deur sodanige lid behou word in die boeke waarin dit ingebind is en sal beskikbaar gehou word vir inspeksie en nagaan daarvan te alle redelike tye.

8.4 In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word, ook op die geboortekennisgewingvorm van elke kalf die getal en geslag van die ander kalf of kalwers aandui.

8.5 Die hoofbestuurder sal, wanneer hy ook al 'n behoorlike en geldige geboortekennisgewing van 'n lewende kalf wat nie bedoel is om vernietig te word nie, ontvang, onverwyld die nodige stappe doen om die geboorte van die betrokke kalf deur die registrerende owerheid te laat registreer in die toepaslike afdeling van die kuddeboek, en die registrasie-sertifikaat deur die registrerende owerheid uitgereik, sal aan die aansoeker gestuur word.

8.6 Die raad mag die hoofbestuurder vra om 'n aansoek by die registrerende owerheid in te dien vir die kansellasie van registrasie van enige Holstein dier wat:

(a) per abuis geregistreer is;
(b) geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting verskaf deur die eienaar of sy agent;
(c) geregistreer is nadat die eienaar in gebreke gebly het om te voldoen aan enige toepaslike verordening of;
(d) waar, in die geval van 'n manlike dier van die grootmoeder, die manlike dier die afstammeling was van 'n vers wat nie op grond van TPI prestasie kwalifiseer nie.

8.7 Wanneer aan al die vereistes voldoen is, sal daar aan die eienaar van die betrokke dier, deur die tegniese amptenaar, 'n klassifikasieverslag uitgereik word, in die geval van vroulike diere, wat deur die eienaar ingevoeg sal word by die registrasiesertifikaat en daarna 'n integrale deel daarvan sal vorm, sou die eienaar klassifikasie van sodanige dier versoek.

8.8 Die bepalinge van hierdie verordening 8 sal nie van toepassing wees op die aansoek om registrasie van verse of vroulike diere wat nog nie gekalf het nie, ingedien vir registrasie in die Hulpstamboek-afdeling van die kuddeboek nie. Sodanige vroulike diere sal geregistreer word ooreenkomstig die bepalinge van subverordeninge 1.1 en 1.2 en die registrasie van die afstammelinge van sodanige vroulike diere sal onderworpe wees aan die toepaslike bepalinge van hierdie grondwet.

8.9 Alle registrasies kragtens verordeninge 8 en 1 is onderhewig aan die bepalinge van verordening 5.

8.10 Geboortekennisgewings ten opsigte van diere wat nie voldoen het aan al die vereistes om registrasie of aantekening in hierdie grondwet nie, sal "afgekeur" geëndosseer word en aan die eienaar teruggestuur word.

9. REGISTRASIE VAN ROOI-EN-WIT HOLSTEINS

9.1 Alle rooi-en-wit Holstein beeste geskik vir registrasie ingevolge die grondwet sal die letter "R" voorafgegaan deur 'n koppelteken, na hulle name in die kuddeboek en op hulle registrasiesertifikate en stambome ontvang.

9.2 Alle rooi-swart-en-wit (driekleur) Holstein beeste geskik vir registrasie ingevolge die grondwet, sal geregistreer word in hulle toepaslike afdelings van die kuddeboek en sal die letter "R" voorafgegaan deur 'n koppelteken, na hulle name ontvang. Sodanige diere behou die letter "R" selfs as die kleur na swart en wit of rooi en wit sou verander.

9.3 Rooi-swart-en-wit (driekleur) Holstein diere sal nie geskik wees vir registrasie in die Hulpstamboek A afdeling van die kuddeboek nie, tensy bewys van ouerskap van sodanige dier verskaf word deur die aansoeker wie 'n registrerende lid van **SA Holstein** tydens aansoek moet wees.

10. **REGISTRASIE VAN DIERE VAN OUERS WAT VREK VOOR KENNISGEWING VAN GEBOORTE**

Ongeag enige van die bepalings in hierdie grondwet vervat, sal 'n dier waarvan die geboorte geregistreer is en waarvan die vader of moeder voor registrasie vrek, geskik wees vir registrasie: Met dien verstande dat dit na goeddunke van die raad geskied, wat geregtig sal wees op sodanige inligting en bewyse as wat verlang mag word en wat registrasie heeltemal mag weier.

11. **GESKIKTHEID VIR REGISTRASIE EN KLASSIFIKASIE**

11.1 Vroulike diere is geskik vir klassifikasie na die eerste kalwing of onmiddellik voor kalwing na goeddunke van die tegniese adviseur.

11.2 Bulle is geskik vir inspeksie vandat hulle elf maande oud is, maar as 'n bul beoog word vir nageslagtoetsing-doeleindes sal van die minimum ouderdomsperk van elf maande afstand gedoen word.

11.3 'n Bul is by geboorte geskik vir registrasie mits hy kwalifiseer op grond van sy moeder se TPI- of BVI-prestasie soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel, of sy grootmoeder in die geval waar sy moeder vir die eerste keer gekalf het.

11.4 Klassifikasie van geregistreerde vroulike diere is geen voorvereiste daarvoor om aan sodanige dier registrasiestatus toe te ken nie.

12. **AMPTELIKE MELKAANTEKENING**

SA Holstein sal daarvoor verantwoordelik wees om toe te sien dat die amptelike melkaantekeninge van diere in die kuddeboek as sodanig aangeteken word.

13. **REGISTRASIESERTIFIKATE**

13.1 Registrasiesertifkate uitgereik ten opsigte van Holsteins mag in die vorm wees wat die raad van tyd tot tyd mag bepaal: Met dien verstande dat prestasiedata afkomstig uit die Nasionale Melkprestasietoetsskema, klassifikasiedata en ander inligting op die registrasiesertifikaat mag verskyn.

13.2 Enige wysiging van of byvoeging tot die inligting of besonderhede wat amptelik op enige registrasiesertifikaat voorkom en wat nie deur die uitvoerende amptenaar van die registrerende owerheid is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

13.3 'n Duplikaat van die oorspronklike registrasiesertifikaat van 'n dier sal op aansoek uitgereik word indien daar tot bevrediging van die hoofbestuurder bewys gelewer kan word dat die oorspronklike verlore is, per ongeluk vernietig is, of in die besit is van 'n persoon wat wederregtelik weier om dit aan die persoon wat daarop geregtig is, te oorhandig. Die aansoek om 'n duplikaat registrasiesertifikaat moet vergesel gaan van 'n verklaring deur die aansoeker wat die eienaar van die betrokke dier moet wees waarin die omstandighede wat die uitreiking van ‘n duplikaat registrasiesertifikaat noodsaak, uiteengesit word. Sodanige aansoek en verklaring moet aan die hoofbestuurder gerig word, tesame met sodanige gelde as wat die raad van tyd tot tyd mag voorskryf.

13.4 Indien 'n dier wat geregistreer is of vir registrasie in aanmerking kom vrek, gekastreer of gesteriliseer word, of vir slagdoeleindes verkoop word, moet **SA Holstein** binne sestig dae

na sodanige gebeure daarvan in kennis gestel word en die registrasiesertifikaat of die geboortekennisgewingsertifikaat van sodanige dier moet terselfdertyd aan **SA Holstein** teruggestuur word vir kansellering met die datum van die onderskeie gebeure behoorlik daarop geëndosseer.

14. **SERTIFIKAAT VAN UITGEBREIDE STAMBOOM**

'n Lid mag by die hoofbestuurder aansoek doen om 'n uitgebreide stamboomvorm ten opsigte van 'n dier wat geregistreer of aangeteken is, en die hoofbestuurder sal sodanige sertifikaat van uitgebreide stamboom, wat egter nie as 'n registrasiesertifikaat beskou moet word nie, uitreik. Elke sodanige aansoek sal vergesel word deur die vereiste gelde soos deur die raad van tyd tot tyd in die fooiskedule voorgeskryf.

15. **OUERSKAPKONTROLETOETSING**

Ongeag ander bepalinge in hierdie grondwet vervat, behou die raad die reg om te enige tyd indien dit nodig geag word, 'n wetenskaplik erkende ouerskapbepalingstoets van enige dier te vereis. Die koste verbonde aan sodanige toets sal deur die eienaar van die dier gedra word: Met dien verstande dat sodanige verslag uitgereik sal word deur ‘n organisasie deur die raad van tyd tot tyd erken.

16. **OORDRAGTE**

16.1 Enige registrerende lid wat alleen of deeleiendomsreg van enige dier geregistreer in die kuddeboek oordra, sal binne een maand vanaf die datum van sodanige oordrag die hoofbestuurder voorsien van die amptelike registrasie-sertifikaat van die betrokke dier, die volle naam en adres van die persoon of persone wat sodanige eiendomsreg verkry (hierna die koper genoem), die datum van oordrag, die handtekening van die koper of sy behoorlik gemagtigde agent.

16.2 As die dier waarvan die eiendomsreg oorgedra gaan word in kalf is, sal die eienaar, saam met die aansoek om oordrag, die koper voorsien van 'n getekende deksertifikaat of 'n inseminasiesertifikaat afhangend of bevrugting plaasgevind het weens natuurlike dekking, kunsmatige inseminasie of embrio-oorplasing. Sodanige deksertifikaat, inseminasiesertifikaat of embrio- oorplasingsertifikaat sal die datum van dekking, inseminering of embrio-oorplasing spesifiseer, of die tydperk waartydens die betrokke vroulike dier by sodanige bul was, en die volle naam en registrasienommer van die betrokke vroulike dier en van die vader.

16.3 Nieteenstaande die bepalings van bostaande subverordening 16.1, sal die raad die bevoegdheid hê om na goeddunke onder omstandighede wat hy buitengewoon en verdienstelik vir kondonasie ag, 'n aansoek om oordrag van eiendomsreg of deeleiendomsreg van sodanige dier te aanvaar, indien die aansoek die hoofbestuurder bereik na die voorgeskrewe tydperk van een maand, en onderhewig aan die betaling deur die koper van sodanige gelde deur die raad van tyd tot tyd voorgeskryf in die fooiskedule.

16.4 Indien 'n lid van **SA Holstein** 'n geregistreerde dier sou aankoop en nie die hoofbestuurder binne dertig dae van die transaksiedatum in kennis stel van sy voorneme om nie die dier oor te dra op sy naam nie, sal oordrag outomaties plaasvind en die koper is verantwoordelik vir die kostes daarvan.

17. **MEDE-EIENAARSKAP VAN DIERE**

17.1 Wanneer 'n dier oorgedra word aan mede-eienaars, moet die volle naam en adres van elke eienaar vermeld word en die aansoek om die amptelike oordrag moet vergesel word deur 'n skriftelike verklaring.

17.2 Indien vroulike diere wat aan telers (mede-eienaars uitgesonder) behoort, gedek word deur die betrokke vader, moet die vereiste deksertifikaat kragtens verordening 6 geteken word deur die mede-eienaar op wie se eiendom die vader was ten tyde van die dekking van sodanige vroulike diere. Dit is net van toepassing wanneer natuurlike dekking plaasvind.

18. KANSELLASIE VAN REGISTRASIES OP PER KAPITALYSTE

Per kapitalyste sal deur die raad uitgereik word en moet bygewerk word en aan die hoofbestuurder gestuur word voor of op die datum deur die raad bepaal. Die ontvanger van sodanige lys sal aanspreeklik wees vir heffings soos deur die raad vasgestel, soos per die fooiskedule. Sou die ontvanger voormelde lys nie terugstuur op of voor die datum deur die raad bepaal nie, sal hy aanspreeklik wees vir 'n bedrag bereken volgens die oorspronklike per kapitalys.

19. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK

19.1 Die gekanselleerde rekords van 'n dier mag herstel word indien sodanige kansellasie gedoen is -

(a) deur **SA Holstein** as gevolg van 'n afkeuring vir registrasie deur 'n tegniese adviseur tydens inspeksie, mits die dier nie intussen verkoop is nie. Sulke diere mag later na herinspeksie deur die keurder vir registrasie goedgekeur word;

(b) deur die eienaar as 'n uitskotdier, mits die dier na inspeksie deur 'n tegniese adviseur vir registrasie goedgekeur word; of

(c) deur die eienaar as gevolg van 'n fout deur hom begaan, mits 'n bevredigende verklaring ingedien word.

19.2 Die voorwaardes vir die herstel van 'n dier geskik vir registrasie is dat die aansoek om herstel gedoen word deur die eienaar in wie se besit die dier was tydens die kansellasie.

19.3 Die aansoek om herstel van 'n dier se inskrywing sal vergesel word deur die gelde deur die raad van tyd tot tyd voorgeskryf soos in die fooiskedule.

20. DELEGERING VAN MAGTE

Nieteenstaande enigiets strydig in die grondwet, mag enige lid met algemene volmag, behoorlik verly en ingedien by die hoofbestuurder, 'n ander persoon magtig om namens hom enige geboortekennisgewing, aansoek om registrasie, oordrag, oordragsertifikaat, deksertifikaat, opgawe van verslae of enige ander dokumente in verband met die administrasie van 'n geregistreerde Holsteinkudde te onderteken en enige sodanige handtekening verleen deur sodanig gemagtigde persoon sal deur **SA Holstein** aanvaar word as geldig en bindend asof dit deur die lid self verleen is; met die voorbehoud dat niks hierin vervat sodanig gemagtigde persoon op enige wyse ook al daarop geregtig sal maak om namens sy lasgewer deel te neem aan die nominasie of stemming vir enige lid van die raad of aan enige saak waaroor sy lasgewer by enige vergadering kan stem nie.

21. TEGNIESE ADVISEURS: KLASSIFIKASIE, INSPEKSIE EN SELEKSIE

21.1 Die raad sal die hoofbestuurder magtig om voltydse en/of deeltydse tegniese adviseurs aan te stel om vroulike diere te klassifiseer en manlike diere te inspekteer op versoek van registrerende lede, en diere op versoek van nie registrerende lede te selekteer.

21.2 Klassifikasie en klassering sal uitgevoer word ooreenkomstig die amptelike dokumente in gebruik, uiteengesit in skedules C en F onderskeidelik.

21.3 Die tegniese adviseur sal 'n geskikte dier selekteer by voorlegging van sy registrasiesertifikaat en sal hom daarvan vergewis dat die kleurmerke, ouderdom, teelbesonderhede, en ander toepaslike inligting, korrek is en ooreenstem met die dier wat vir klassifikasie aangebied is.

21.4 Die tegniese adviseur word gemagtig om na sy goeddunke 'n dier oor te hou vir inspeksie tot die tegniese adviseur se volgende besoek.

21.5 Sou 'n dier by klassifikasie of inspeksie diskwalifiseerbaar of afkeurbaar wees om ander redes as aangebore on-omkeerbare misvormdheid, sal kansellasie van registrasie opgeskort bly vir 'n tydperk van hoogstens agtien maande in afwagting van herklassifikasie of inspeksie tydens sodanige tydperk. Sou die dier gedurende sodanige tydperk om enige rede nie weer voorgebring word nie, of indien voorgebring weer gediskwalifiseer of afgekeur word, sal die registrasie daarvan onderworpe aan subverordening 21.7 gekanselleer word.

21.6 Vroulike diere in hulle eerste laktasie, en vroulike diere vir die eerste keer gedurende die eerste laktasie geklassifiseer, sal nie hoër geklassifiseer word as Baie Goed 8 9 vir Uier Klas of Finale Klas nie.

21.7 Enige lid wat ontevrede is met die tegniese adviseur se besluit mag binne drie weke na ontvangs van die tegniese adviseur se verslag by die hoofbestuurder appél aanteken. Sodanige appél moet vergesel word van 'n deposito soos van tyd tot tyd deur die raad in die fooiskedule vasgestel.

21.8 Minstens een week kennisgewing sal aan lede gegee word aangaande die benaderde datum waarop 'n tegniese adviseur waarskynlik enige besondere lid sal besoek: Met dien verstande dat indien ‘n tegniese adviseur vir dié doel beskikbaar is, sal spesiale besoek op versoek van enige lid gereël word, by betaling deur sodanige lid van alle uitgawes verbonde aan sodanige spesiale besoek teen 'n tarief deur die raad in die fooiskedule neergelê.

21.9 Die tegniese adviseur sal tydens sy toere beskikbaar wees om raad te gee en telers se kuddes in grade te klas (nie-lede) mits:

(a) daar geen regs- of ander aanspreeklikheid op **SA Holstein** teenoor sodanige nie-lid sal rus nie; en

(b) alle gelde betaalbaar ten opsigte van enige dienste deur **SA Holstein** aan nie-lede gelewer, soos deur die raad vasgestel in die fooiskedule sal wees en vooruitbetaal sal wees.

22. BEOORDELAARS, BEOORDELING EN RING-GIDSE

Die reëls met betrekking tot beoordelaars, beoordeling en ring-gidse is soos uiteengesit in skedule N.

23. KAMPIOENSKAPSKOUE

Alle reëls, regulasies en standaarde van toepassing op alle kampioenskappe word vervat in skedule N1.

24. INVOERSTANDAARDE

Invoerstandaarde met betrekking tot diere, semen en eiselle is soos uiteengesit in skedule Z1 en sal in ooreenstemming wees met toepaslike wetgewing.

25. **NIE-LEDE**

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op **SA Holstein** sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur **SA Holstein** aan nie-lede gelewer word, sal wees soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.

21/09/2010 = Byvoeging van nuwe Klousule 17 “Data Eienaarskap” – her-nommer bestaande Klousule 17-22 dienooreenkomstig.